

M73A

GODDELIKE WYSHEID VIR DIE MENS

INLEIDING

In die Nuwe Testament word geloof die vernaamste van alle menslike dade en ondervindings. Dit is in Paulus se briewe wat die betekenis van geloof die duidelikste en ten volle uiteen gesit word. Geloof is die vertrouwe in die persoon van Jesus, die waarheid van Sy lering en die verlossings werk wat Hy op Golgota voltooi het. Geloof moet nie verwar word met 'n blote intellektuele instemming met die dogmatiese leerstellings van die Christendom nie, alhoewel dit vanselfsprekend nodig is. Dit sluit 'n radikale en totale verbintenis met Hom as die Here van een se lewe in.

Ongeloof of gebrek aan geloof in die Christelike Evangelie, kom oral in die Nuwe Testament voor as die vernaamste sonde. Om nie 'n besliste reaksie te neem op God se offer in Christus nie, beteken dat die individu in sy sonde bly en vir ewig verlore is. Net geloof alleen kan hom red.

GODDELIKE WYSHEID VIR DIE MENS

Dit blyk dat dit nie die tyd of die plek was vir die geboorte van 'n Messias wat die leerstelling van liefde moes preek nie.

Toe Jesus omtrent 5 v.C. gebore is was Palestina 'n moeilike Romeinse provinsie in die terugtrekking van die ryk. Dit was afgemat deur armoede, innerlike onenigheid, wrede hoë belastings en 'n tiranniese heerser, Herodus, koning van die Jode maar 'n marionet van die Romeine. Algemene ontevredenheid het in die land gesmeul. Die Zealots het rewolusie in die heuwels bespreek. Griekse filosofie het die Joodse godsdiens bederf. Griekse en Romeinse kulture het die jong mense weggetrek van die geloof van hul vaders.

Die Joodse godsdiens self, die geloof waarin Jesus opgegroeï het, is verskeur deur bitter naywer tussen verskeie sektes. Daar was die Fariseërs wat geloof wou reinig deur onversetlike gehoorsaamheid aan al die skriftuurlike wette; die Sadduseërs, 'n meer liberale sekte bestaande hoofsaaklik uit priesters en sommige van die ryk hoër klas; die Essenes, die sekte wat ons vandag deur die Dooie See Perkamentrolle ken, 'n groep wat hulle van die gewone lewe onttrek het om 'n hoër geestelike lewe te verkry.

Afsonderlik van hierdie was die Samaritane, 'n gemengde geslag wat deur meeste Jode gehaat is. Hulle was die afstammeling van ondertrouery tussen koloniste van die Assiriese inval van 725 v.C. en Israëliete van die Noordelike Koninkryk. Fariseërs het hulle as seremonieel onrein beskou.

Toegewyde Jode verwag steeds dat die Messias sal kom soos voorspel in die geskrifte van Jesaja, Miga en ander. Maar hulle was nie eintlik voorbereid vir 'n Messias soos Jesus nie. Baie van hulle het 'n krygsman soos God verwag wat hulle sou help om die Romeinse heerskappy omver te werp. Hulle het vir seker nie 'n rondreisende prediker

verwag nie, wat sonder onderskeid met Fariseër en Samaritaan, met arm en ryk gepraat het. Hulle het nie verwag dat 'n skrynwerker se seun 'n leermeester sou word nie.

Meeste mense in Palestina het niks van Jesus se geboorte geweet nie. 'n Paar wyse manne uit die ooste het geweet, vertel Mattheus ons en na die baba kom soek, gelei deur 'n spesiale ster in die hemel. En 'n handvol skaapwagters het geweet. Lukas vertel hoe 'n engel aan hulle verskyn het in die nag en hulle vertel het dat die Redder in Betlehem, die stad van Dawid, gebore is en dat hulle die baba sou vind wat in 'n krip lê. Nadat hulle die Christus kind gesien het, het hulle gehardloop om ander te vertel wat gebeur het.

Tragedie het plaasgevind toe Herodus van Jesus uitgevind het by die wyse manne wat na hom gekom het om by hom uit te vind waar om die kind, die "koning van die Jode", wat gebore is te vind. Herodus, wat nie 'n volbloed Jood was nie, het onseker op sy troon gevoel en die vermelding van 'n pasgebore "koning van die Jode" het hom geskud. 'n Man wat vir niks gestop het nie, wie selfs sy eie vrou, drie seuns en verskeie skoonfamilie dood gemaak het, het beveel dat elke babaseun in Bethlehem onder twee jaar oud dood gemaak moes word. Jesus het net ontsnap omdat God vir Josef gewaarsku het om die land met sy gesin te verlaat.

Nog Markus of Johannes vermeld die bo-natuurlike geboorte. Die verslae in Mattheus en Lukas verskil, maar hulle stem saam dat Jesus uit die Maagd Maria deur die Heilige Gees gebore sou word. Dit is moeilik om die gevoelens van die jong Joodse meisie voor te stel, wat verloof was aan en sou trou met Josef, toe 'n engel vir haar gesê het dat sy 'n kind sou hê wat "die Seun van God genoem sou word". Josef was natuurlik ontsteld toe hy gehoor het dat sy aanstaande bruid swanger was. Omdat hy 'n goeie en regverdige man was, het hy gedink om die verlowing stilweg te verbreek, om verleentheid vir Maria te spaar. Maar Mattheus vertel ons dat 'n engel in 'n droom na Josef gekom het en gesê het dat hy nie bang moes wees om Maria as sy vrou te neem nie, want die kind in haar is van die Heilige Gees". Dit alles vertel Mattheus ons, het plaasgevind soos voorspel in ou profesieë.

Maria en Josef was 'n arm paartjie in 'n arm land. Nasaret, die rustige dorpie waar Jesus opgegroeï het, was en is 'n pragtige plek. Die dorp nestel in 'n sagte heuwelland omring deur tuine, landerye, wingerde en boorde van vyebome, granate en dadelpalms. Veldblomme groei in kleurvolle kwistigheid. Maar die dorp het 'n swak reputasie gehad. As 'n karavaan oornagplek was dit bekend vir hul agterlikheid en ruwe lewenswyse.

Josef se huis in Nasaret kon een van 'n paar klein kleihuisies gewees het, 'n klein entjie teen die heuwel op van modern Nasaret, nie ver suid van die Romeinse militêre pad en 'n entjie noord van 'n karavaanroete wat al die handel tussen Damaskus en Egipte gedra het. So 'n huis kon een of twee kamers gehad het, miskien 3m by 4m, selfs kleiner as ons RDP huise, wat gedien het vir kook, eet, slaap, leef en bêreplek; en 'n ander kamer vir Josef se skrynwerker winkel.

Behalwe vir die verhaal oor sy reis na die Tempel in Jerusalem toe hy twaalf jaar oud was, is die enigste ander ding wat die Evangelies ons van Jesus se jong jare vertel, is dat Hy "toegeneem het in wysheid en grootte en in genade by God". Ons weet dat Maria en Josef Jesus opgevoed het om 'n goeie Jood te wees. As 'n baba is hy besny en later by die Tempel aan God voorgestel soos die wet vereis het. En toe op twaalf, vertel Lukas ons, is hy met Paasfees na die Tempel geneem vir die ritueel van veronderstelde manlikheid, Sy bar mitzvah.

Selfs op hierdie vroeë ouderdom sonder dat hy skool gegaan het, het hy sy sending op aarde voor konsiderasie vir sy ouers gestel. Volgens Lukas se verslag het Josef en

Maria, na die Paasfees, Jerusalem verlaat terug huis toe sonder Jesus, hulle het gedink dat hy met ander lede van die familie of met vriende gereis het. Maar nadat hulle hom na 'n dag se reis nie kon vind nie, het hulle terug gegaan na Jerusalem. Daar het hulle hom in die Tempel gekry waar hy met die rabbi's gepraat het, wie verstom was deur sy skerpsinnige vrae en duidelike begrip. Toe Maria vir Jesus gesê het hoe bekommerd hulle oor hom was het hy net geantwoord, "Waarom het u my gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die dinge van my Vader moet wees nie?"

Dit lyk waarskynlik dat Jesus se jongeling jare gesentreer was om Josef se skrynwerker winkel, die boerdery bedrywighede van sy bure en die plaaslike sinagoge. Daardie tyd het 'n skrynwerker nie huise gebou nie, maar was 'n ambagsman wat ploëë, jukke, plaasgereedskap, deure, tralievensters en meubels gemaak het. Skrynwerkery was egter ook handarbeid wat die afkap van bome, stompe vervoer, kloofsaag en afwerking van die hout ingesluit het. Soos hy saam met Josef gewerk het, **moes Jesus 'n sterk liggaamsbou ontwikkel het.** Terwyl hy nog jonk was het hy waarskynlik ook sy beurt gekry om die gesin en die bure se skape op te pas, en hy het waarskynlik gehelp met die plaaslike druiwe en olyf oeste, terwyl Josef betaal is vir Jesus se werk.

Herodus het begin om die ou Tempel in Jerusalem, so twaalf jaar voor Jesus se geboorte, te herbou. Die prag van sy skitterende wit marmer en goud was die trots van die hele Israel. Terwyl daar net een Tempel was, het elke dorp sy sinagoge gehad. **Jesus het die sinagoge in Nasaret vir daaglikse en Sabbat aanbidding en vir godsdienstige opvoeding bygewoon.**

Ortodokse Jode het geglo dat die mens se eerste ouers (Adam en Eva) van heiligheid verval het en boosheid in die wêreld gebring het. Sedert daardie tyd is alle mense sondig en verdien straf van God. Maar God het belowe om die mens van sonde te verlos. **En in Nasaret het lidmate van die sinagoge elke Sabbat saam met die verlosser, die Christus, dienste bygewoon en dit nie geweet nie.** Die eerste keer toe Jesus daar gepreek het was die gemeente so woedend deur wat Hy gesê het dat hulle probeer het om Hom van 'n rots af te gooi. Maar Jesus het eenvoudig deur hulle geloop en ontsnap.

Die beginpunt van Jesus se bediening was toe Hy omtrent dertig jaar oud was. Johannes die Doper, 'n ruwe prediker wat 'n kleed van kameelhare gedra het met 'n leergordel en sprinkane en wilde heuning geëet het, in die woestyn van Judea beweeg het en mense gedoop en die leer van berou verkondig het vir die **vergifnis van sonde.** Hy het gepraat van die koms van die Messias, van een wie se sandale hy nie werd sou wees om los te maak nie, Jesus het na hom gekom en is gedoop. En 'n stem het uit die hemel gekom en gesê: "Dit is My geliefde Seun, in wie Ek 'n welbehag het."

Jesus was nie 'n rewolusionêre politieke leier nie. Hy was nie 'n Messias wat die Jode na nuwe dae van glorie, wat selfs Dawid se koninkryk sou oortref, sou lei nie. Reg genoeg, as Sy woorde ernstig opgeneem word het dit evolusionêre implikasies. Hy was menslik en het honger en verdriet verstaan. Hy het die Essene se leer om die teenstanders te haat, uitgedaag deur te beveel, "Julle moet jul vyande liefhê, doen goed aan die wat julle haat". Hy het ook gesê dat hulle hul naaste moet liefhê soos hulself. Toe 'n prokureur gevra het, "Wie is my naaste?" Het Jesus gereageer met die verhaal van die goeie Samaritaan waarin die Samaritaan die held is. Aangesien meeste Jode die Samaritane as so onrein beskou het dat hulle geen omgang met hulle wou hê nie, het die prokureur sy antwoord gekry: alle mense, selfs Samaritane, was sy naaste.

Na ongeveer die eerste jaar van Sy bediening het Jesus twaalf mans gekies wat Sy Apostels sou wees. Meeste van hulle het uit families gekom wat netso nederig soos Sy

eie was, mans van die vissersdorpe aan die See van Galilea of van die doodgewone dorpie in die omringende heuwels. Petrus, die visserman, skyn die natuurlike leier te wees, alhoewel sy vurige persoonlikheid dikwels hand uit geruk het. Een man Matteus, volgens tradisie die skrywer van die eerste Evangelie, is uit die tolhuis van die gehate Romeinse burokrasie, in die kring gebring. Die ander uiterste was Simon die Yweraar. Om die ander tien te oorreed om hierdie twee onwaarskynlike kandidate te aanvaar, die een 'n burokraat en die ander 'n fanatikus, het aansienlike vernuf geverg.

Sommige van Jesus en Sy dissipels se volgelinge was ryk, maar die meeste was arm. Ryk mense het nie van Jesus se vermaning gehou nie: "Moenie vir julle skatte op die aarde bymekaar maak nie." Jesus het geweet dat dit vir 'n ryk man makliker sou wees om sy eie belang te regverdig as om alles op te offer en Hom te volg. Jesus het gesê: "Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in die koninkryk van God in te gaan." Maar Hy het bygevoeg dat enigiets by God moontlik is. Terselfdertyd, soos die storie in Matteus dit duidelik maak, **Jesus het niemand van sy persoonlike verantwoordelikheid verskoon nie.**

Jesus se reputasie as 'n groot leermeester het ver en wyd versprei. **En geen wonder, Hy het deur gelykenisse geleer, eenvoudige stories, wat Sy lesse duidelik gemaak het aan almal wat reg was om te leer.** Die landerye en oeste wat so 'n groot deel van Sy jeug was het in Sy woorde voorgekom, gelaai met lewe. Hy het geleer dat alle mense sondaars is, dat alle mense God se wet verbreek het, maar dat God in Sy liefde berouvolle sondaars vergewe.

Tog was Hy geen werkheilige nie. Hy het die woede van die Fariseërs op die hals gehaal toe Hy hulle bestraf het vir die liefdeloosheid van hul leerstelling. Hulle het 'n vrou wat skuldig was aan owerspel na Hom gebring en gevra wat hulle moes doen aangesien die wet sê dat sy gestenig moes word. Jesus het eers nie geantwoord nie, maar hulle het aangehou. Uiteindelik het Hy geantwoord: "Laat die een van julle wat sonder sonde (moontlik seksuele sonde) is, die eerste 'n klip op haar gooi." Toe hulle dit hoor het hulle weggegaan, een vir een, "aangekla deur hul eie gewete."

In die Bergrede en by ander geleenthede het Hy Sy hoorders nuwe insig gegee in die wese van God, oor hoe mense God en mekaar moet dien. Die mense het na Hom gestroom om na Hom te luister en die rabbi's het jaloers geraak oor Sy gewildheid.

'n Deel vir die rede van Sy groeiende reputasie was die wonderwerke wat Hy gedoen het. Hulle is nie gedoen om aandag te trek nie, maar om Sy lering te versterk, om werke by Sy woorde te voeg. Toe 'n verleë gasheer se wyn opgeraak het by 'n bruilofsfees, het Hy water in wyn verander. Toe Hy 'n honger menigte in die gesig gekyk het, het Hy vyf brode en twee visse vermeerder sodat daar genoeg kos vir almal was. Hy het die siekes genees; Hy het die blindes laat sien; Hy het die kreupeles laat loop. Toe Sy vriend Lasarus gesterf het het Hy hom teruggebring na die lewe, maar nie voordat Hy die gesin se verdriet en tranes gedeel het nie. Hierdie krag om die dode op te wek demonstreer presies wie Hy was, en hoewel Lasarus weer gesterf het as 'n mens, het hy die opstanding uit die graf ondervind, soos diegene sal wat op Sy 2de koms wag.

Selvs klein kindertjies het die liefde wat Hy uitgestraal het aangevoel. En toe Jesus se dissipels probeer het om hulle weg te jaag, het Jesus gesê dat hulle die kinders na Hom toe moet laat kom "... want aan sulkes behoort die koninkryk van God."

Al meer godsdienstige gesaghebbendes en invloedryke leke, die skrifgeleerdes en Fariseërs, het Sy invloed en groot aanhang gehaat. Hulle het dikwels met Hom geredetwis, om te probeer om Hom te vang om iets te sê wat hulle teen Hom kon gebruik. Eenkeer het die Fariseërs Hom gevra of dit wettig was om belasting aan die

Keiser te betaal. Jesus het geantwoord "Betaal dan aan die Keiser wat die Keiser toekom, en aan God wat God toekom."

Sommige het gevoel dat Hy laksheid in godsdienstige dissipline aangemoedig het. Een Sabbat, toe Jesus en Sy dissipels deur 'n koringland geloop het en die are gepluk en geëet het, het die Fariseërs gevra: "**Kyk, waarom doen hulle op die Sabbat wat nie geoorloof is nie?**" Jesus het geantwoord: "**Die Sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die Sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die Sabbat.**" (Jesus is ons Sabbat).

Maar 'n ander keer het Jesus gesê: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie maar om te vervul." Tog het Jesus se vyande meer geword en ook bitterheid. Hulle was woedend toe Hy die berugte handelaars uit die Tempel gejaag het en vir hulle gesê het "**My huis is 'n huis van gebed. Maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak.**"

Maar wat vir hulle blykbaar die beledigendste van alles was, was die aansprake wat Hy oor Homself gemaak het. "**Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het,**" het Hy gesê. "**Ek is die wynstok, julle die lote Sonder My kan julle niks doen nie.**" Hy het aan Sy dissipels die krag gegee om wonderwerke te doen. Hy het gesê dat Hy sondes kan vergewe nie kwaad wat aan Hom persoonlik gedoen is nie, **maar enige ander sondes.** Hy het aanspraak gemaak op die krag van **finale oordeel.** Hy het te kenne gegee dat Hy altyd bestaan het. Kortliks, **Hy het van Homself gepraat asof Hy God was.** Hy het Homself die Seun van die mens en die Seun van God genoem en het beweer, "**Ek en die Vader is een.**"

Jesus se dissipels het geleidelik die betekenis begin besef van Sy aansprake. Hulle het saam met Hom gewandel en met Hom gepraat. Hulle het Sy wonderwerke gesien. Hulle het Sy lering gehoor. Een dag, nadat Jesus baie maande saam met Sy dissipels deurgebring het het Hy gevra: "**Maar julle, wie sê julle is Ek?**" Petrus het geantwoord: "**U is die Christus, die Seun van die lewende God.**" Hierop het Jesus gereageer: "**Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou.**" Petrus, alhoewel hy gou getoon het dat hy nie altyd die moed van sy begrip gehad het nie, was die eerste van die dissipels om die betekenis van Jesus se aansprake te herken, aansprake wat die grondslag van 'n nuwe geloof sou word. Tradisionele Judaïsme het God gesien as 'n wese totaal los van die heelal, wat alles gemaak het. Om aansprake te maak soos Jesus gedoen het was of belaglik, komies, godslasterlik of waar.

Ten laaste het die skrifgeleerdes en hoofpriesters besluit dat Jesus 'n verwarrende invloed kon wees en nie langer geduld kon word nie. Toe Jesus se dissipels voorberei het om die Paasfees te vier het Judas, moontlik teleurgestel omdat Jesus nie die soort Messias geword het wat die Romeine in die see sou jaag nie, weggeglip en ingestem om Jesus vir 30 stukke silwer aan Sy vyande te verrai.

Op die aand van die Paasfees het Jesus en Sy twaalf dissipels bymekaar gekom om, wat hulle laaste maaltyd saam sou wees, te eet. Geen bediendes was teenwoordig om die gebruikelike voete te was nie en nie een van die dissipels het aangebied om dit vir die ander te doen nie. Jesus het toe opgestaan, die skottel met water geneem, asook 'n handdoek, en aangegaan om Sy dissipels se voete te was. "Elkeen wat onder julle groot wil word," het Hy dikwels vir hulle gesê, "moet julle dienaar wees."

Aan die tafel het Jesus brood geneem, dit gebreek en aan Sy dissipels gegee en gesê: "Neem eet; dit is my liggaam." Toe het Hy die beker wyn geneem en dit vir hulle gegee en gesê: "Drink julle almal hiervan, want dit is die Nuwe Testament in my bloed..."

Johannes vertel ons dat Jesus ook daardie nag oor die toekoms gepraat het. Hy het gepraat dat Hy na Sy **Vader gaan om vir almal wat in Hom glo 'n plek te gaan voorberei**. Hy het belowe dat alhoewel Hy hulle binnekort sou verlaat, die Heilige Gees van God sou kom en binne-in hulle sou kom bly. En Hy het gesê dat netsoos God Hom in die wêreld gestuur het, stuur Hy hulle uit met Sy boodskap.

Daarna het Jesus in die Tuin van Getsemane gegaan om te bid. Hy het Sy dissipels aangesê om wag te hou; in plaas daarvan het hulle aan die slaap geraak. Eers het Jesus God gevra of dit moontlik was om Hom die dood te spaar wat Hy weet op Hom gewag het. Maar Hy het Sy gebed afgesluit met die woorde: "nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil." Toe Hy teruggekeer het na Sy dissipels, het 'n gepeupel, gestuur deur die hoofpriesters en skrifgeleerdes, gewapen met knuppels en swaarde, gelei deur die verraderlike dissipel Judas, die tuin binne gekom. Judas het Jesus uitgewys met 'n soen.

Jesus is verhoor, eers deur die hoëpriester Kajafas en toe deur Pontius Pilatus, die Romeinse goewerneur. Vir die hoëpriester was die aanklagte teen Jesus godsdienstig: die misdad van godslastering, deur die verklaring dat Hy die troon van God deel. Die hoëpriester het Hom skuldig bevind en die gepeupel het Sy dood geëis. Maar die hoëpriester kon nie die doodstraf oplê nie, dus is Jesus voor Pilatus gebring.

Vir Pilatus was die aanklagtes polities: berigte dat Jesus verklaar het dat Hy koning is. Deur die verhoor het Jesus beswaarlik gepraat. Pilatus was geen persoonlike vyand van Jesus nie en hy het drie keer probeer om homself los te kry van die verantwoordelikheid om die doodstraf op te lê. Hy het probeer om die verhoor op Herodus af te skuif, maar Herodus het Jesus net weer terug na Pilatus gestuur. Pilatus het toe voorgestel dat Jesus gekasty en vrygelaat word. Maar die skare het die dood geëis.

Uiteindelik het Pilatus aangebied om Jesus vry te laat as 'n daad van genade, gebruiklik met Paasfees. Maar die skare het aangedring dat Barabbas in plaas van Jesus vrygelaat moes word, 'n moordenaar wat in die tronk was en dat Jesus gekruisig word. Die Jode het uitgeroep "Laat Sy bloed op ons en op ons kinders kom", en hulle het gely en is vervolgd vir 2000 jaar waar hulle ook al was. Die Woord sê egter vir ons in Romeine dat hulle gered sal word. "Hulle sal opsien na Hom vir wie hulle deurbaar het." Pilatus het eindelijk toegegee. Maar hy het water geneem en sy hande voor die menigte gewas, en gesê: "Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie regverdige man." So was Jesus gespot, gekasty en gekruisig. Net drie dae later was Jesus se graf, 'n goed bewaakte verseelde rots grafkelder, leeg. **Op die betekenis van die leë graf en die verskynings daarna van die herrese Christus, het die Christelike kerk sy hoop, sy moed, sy vreugde, sy geloof gebou. Want die herrese Christus is, soos die Apostel Paulus geleer het, die hoeksteen van die Christendom.**

Baie teorieë is al voorgestel om die leë graf weg te redeneer. Miskien het Jesus nie aan die kruis gesterf nie, maar het weer in die koel grafkelder bygekome. Miskien was die wat beweert het dat hulle Hom na die opstanding gesien het die slagoffers van massa histerie. Miskien het die dissipels die wagte omgekoop vir die liggaam en het die hele storie opgemaak. **'n In diepte studie van die Evangelie, kruisiging en opstanding inligting, 'n analise van die vroeë Christenleiers soos gesien in die boek Handeling en die Sendbriewe en 'n klein bietjie kennis van die geskiedenis is nodig om die bewyse op te weeg.**

Slegs 'n paar van vandag se geleerdes, wat bekend is met die ou kruisigings metodes, bevraagteken dit of Jesus werklik dood was. Bowendien sê Johannes dat die soldate die ander wat saam met Jesus gekruis is, se bene gebreek het, maar Jesus se bene is nie gebreek nie omdat Jesus reeds dood was. Massa histerie verduidelik dit ook nie,

want Jesus is te veel keer deur te veel mense wat Hom geken het gesien. En 'n mens kan vra of die dissipels, as hulle die geld gehad het om die wagte om te koop en weggekomp het met Jesus se liggaam, die kerk met so 'n groot bedrog kon gestig het. As die dissipels so 'n gemene bedrieëry veroorsaak het, kon daardie klein bende, so moedeloos en versplinter deur die gebeure van die kruisiging, die geestelike heldhaftige leiers van die vroeë kerk geword het wat in Handeling en die Sendbriewe beskrywe word?

Toe Jesus gesterf het was die dissipels se wêreld verpletter. Miskien het hulle verwag dat die Seun van God Homself sou red en toe Hy dit nie gedoen het nie het hulle hoop opgegee. Hulle was 'n hartseer, ontmoedigde groep. Gedurende die verhoor het Petrus selfs drie keer ontken dat hy Jesus geken het. Toe was dit die leë graf. Saam met dit het verbystering en gapende vrae gekom. Jesus het self die antwoord gebring toe Hy tussen die dissipels verskyn het toe hulle saamgekomp het vir 'n maaltyd. Sy eerste woorde het pragtig geklink: "Vrede vir julle." Dit was geen spook nie. "Vat aan My en kyk" het Jesus gesê, "want 'n gees het nie vlees en bene nie." Daar was verbasing, verwondering en toe oorweldigende blydschap.

Gedurende Sy oorblywende dae op aarde, het Jesus Sy dissipels voorberei om Sy Kerk te stig. Mattheus vertel ons dat in 'n byeenkoms met Sy dissipels op 'n berg in Galilea, **het Jesus hulle uitgestuur om alle nasies te leer en vir hulle gesê: "Ek sal altyd met julle wees, selfs tot aan die einde van die wêreld."** Dit was 30 jaar n.C. en die bekende wêreld was rondom die Middellandse See. Dit het Vasco da Gama, Christopher Columbus en die ander ontdekkers 1500 jaar later geneem om die vastelande te ontdek en die Evangelie na die hele skepping te neem met die Bybel wat nou in baie tale vertaal is.

Toe Jesus na Sy plek met God opgevaar het, het die mens nou God se meesterplan vir die menslike ras geken, 'n plan van nimmereindigende liefde. God was nie meer langer 'n ver weg raaisel nie; Hy het Sy natuur en karakter in Jesus geopenbaar, die God-mens. Omdat Jesus beide God en mens was, het Hy die mens verenig met die tydlose werklikheid van God. Omdat Hy God was, kon Hy sonde en die dood oorwin. Omdat Hy ook mens was, kan die mensdom in Sy oorwinning deel. Omdat Hy na ons afgekomp het en weer opgestaan het, kan ons opstaan met Sy Wederkoms, verlos van sonde as kinders van God.

Die hele verhaal van Jesus kom natuurlik in die vier Evangelies voor, elkeen met sy eie spesiale klem in die verslag van Sy lewe. Die verwysingslys hier onder, sal jou na sommige van die meer belangrike gedeeltes in die Evangelies lei.

Petrus vertel dat hy saam met die ander dissipels daar was en hul getuïenisse as ooggetuïes is niks in vergelyking met die profesieë wat die Here deur Sy profete voorspel het en wat plaasgevind het tot in elke fynste besonderheid. Party is 2000 jaar voor Jesus se bediening gegee en word steeds daagliks in ons tyd vervul.

Skrifture in die Evangelies Geboorte en Jongensjare

Jesus se geboorte. Matt. 1: 18—25; Luk. 2: 1-20.

Die wyse manne, Herodus se moord. Matt. 2.

Jesus se voorstelling by die Tempel. Luk. 2: 21-39.

Groei op in Nasaret. Luk. 41-52.

Lering Bediening

Die Bergrede. Matt. 5, 6, 7.

"Wees lief vir jou vyande" Matt. 5: 43-48.

Die tien talente (Ponde). Matt. 25: 14-30.

Kan 'n Ryk Man Gered Word? Mark. 10: 17-31.

Die Goeie Samaritaan. Luk. 10: 25-37.

Wonderbaarlike Gebeurtenisse

Water word in Wyn verander. Joh. 2: 1-11.

Siekies word gesond gemaak. Mark. 3: 1-12.

Blindes sien. Joh.9.

Kreupeles loop. Mark. 2: 1-12.

Voeding van 5 000. Mark.6: 34-44.

Beheer Oor Die Natuur. Mark. 4:35-4 1.

"Wie sê die mense is Ek?"

Jesus Vergewe Sondes.

Matt. 9:2-6. Luk. 7:47-49.

Gesag om die Wet te Hervertolk. Matt. 12: 1-12.

Jesus as Voorwerp van Aanbidding.

Matt. 14:33, 28:9.

Luk. 5:8. Joh. 5:22-23.

Jesus Vra vir Gebed in Sy Naam.

Joh. 16:23-24.

Eenselwigheid met God.

Joh. 10:30, 14:9, 16:15, 17:10-11.

Jesus se Voorbestaan.

Joh. I:1-18; 8:58;17:5.

Jesus se Toekomstige Heerskappy.

Matt. 19:28; 25:31-32

Die Klimaks van Jesus se Lewe.

Jesus word verhoor. Matt. 26:57; 27:31. Luk. 22:54; 23:25

Joh. 18:12;19:16.

Jesus is Tereggestel en Begrawe.

Matt. 27:32-66. Luk. 23:26-56.

Joh.19:17-42

DIE WEDERKOMS.

(Meer as 300 verwysings in die Nuwe Testament).

Hand. 1:11.

Titus 2:13.

Joh. 14:3.

Joh. 21:23.

Ef. 1:14.
1 Kor. 15:23-28.
Rom. 8:19-23.

Die Opstanding.

Matt. 28:1 - 15. Luk. 24: 1-12
Joh.20:1-18.

Finale Dae op Aarde.

Matt. 28:16-20. Luk. 24:13-53.
Joh. 20:19;21:25.

Die Bybel: Boek vir Alle Tye.

Is daar 'n God? Oppermagtige Gesag. Die Bybel is in alle tale rondom die wêreld vertaal en is die beste verkoper van alle boeke. Baie het probeer om die Bybel te vernietig, maar in hul poging het hulle hulself vernietig.

Hoe is Hy?

Waarom is die mensdom in die eerste plek geskape?

Waarom is die mens so edel, tog so swak en sondig, alles tesame? Wat kan daaraan gedoen word? Hoe behoort mense hulle te gedra? (Sedelikheid)

Het geskiedenis enige betekenis? Is dit iewers op pad heen?

Omdat die Bybel met hierdie basiese vrae worstel wat die mens altyd vir homself gevra het, het dit hom vir meer as 2 000 jaar gefassineer. Dit is waarom dit die invloedrykste en wydste belese boek in die menslike geskiedenis is.

Die Bybel, werklik 'n versameling van ses en sestig klein boekies, vertel van die opgang en val van ou nasies en die stryd van weermagte. Dit vertel van konings en gewone mense, helde en skurke. Dit bevat geskiedenis en teologie, gedigte en liedere, filosofie en briewe. Dit bevat vreemde droom visioene, wyse gesegdes en 'n aantal skynbaar onbenullige versamelings van hof aantekeninge, stambome en godsdienstige wette. Dit bevat van die grootste literatuur wat die mens geskryf het. Dit alles is gerig op die verhouding tussen die mens en God. Die hele skrif is deur die inspirasie van die Heilige Gees gegee (2 Tim. 3:16).

"In die begin...." Open met daardie beroemde eerste woorde van GENESIS, die Bybel bevestig dadelik dat 'n totaal almagtige persoonlike God met oppermagtige gesag die hemele en die aarde geskape het. Die klimaks van die skeppende ontploffing was die mens, geskape na God se "beeld." Maar God het die mens nie soos 'n robot geskape nie. Hy het aan hom die waardigheid en die gevaar van 'n vrye wil gegee. Die eerste drie hoofstukke van GENESIS vertel aan ons dat in die Tuin van Eden die voorouers van die menslike ras, Adam en Eva, die eerste sonde teen God gepleeg het deur vrugte te eet wat Hy hulle verbied het om te eet. Meeste van die oorblywende 1,186 hoofstukke van die Bybel handel oor hoe hierdie breuk tussen die mens en God genees is.

Eerstens is die breuk tot breekpunt vergroot soos die afstammeling van Adam en Eva op die aarde vermeerder het. Deur Sy God gegewe vrye wil te misbruik, het die mens in sondige weë verval. God was jammer dat Hy die mens gemaak het en besluit om hulle te vernietig. So het Hy die vloed gestuur wat net deur die goeie man Noag, sy gesin en die diere wat hulle in die ark geneem het, oorleef is.

Na hierdie prehistoriese begin het die Ou Testament net op die Hebreërs of, soos hulle later bekend was, die Israeliete, gefokus. In nie-Bybelse geskiedenis was hulle nogal 'n obskure groep, maar in godsdienstige geskiedenis was hulle bewys as die

instrument van God se handeling met die mens. Hulle nasionale literatuur, die Ou Testament, is uniek onder die etniese geskrifte van ou beskawings. Sulke geskrifte van ander godsdienstige nasies is verstandig; die heersers is foutloos en hulle weermagte verloor blykbaar nooit 'n geveg nie.

Die Ou Testament, aan die ander kant, is uiters eerlik deur die donker kant van die mens te wys. Tog word hy hoër geag as baie ander boeke. Die leiers van Israel is realisties uitgebeeld as mans van vlees en bloed wat grootheid met morele swakheid kombineer. Dan kom die profete, hulle stemme wat soos die geluid van trompette in die land weerklink. Hierdie segsmanne vir God het aanhoudend verskyn om God se oordeel aan te kondig en om die nasie en sy leiers terug te ruk na geregtigheid.

God soos aan die Hebreërs geopenbaar is nie net uniek in Sy **morele eise** en in Sy eenheid (monoteïsme) nie. Hy is ook uniek deurdat Hy alles in Sy vermoë doen om Sy volk te verlos, die Hebreërs (of Israeliete), en deur hulle, die hele sonde bevlekte mensdom. Dit is waarom teoloë die Bybel "verlossings geskiedenis" noem.

Die lang historiese vertoning van God se genade het so te sê amper 4 000 jaar gelede begin, toe God 'n verbond met Abraham gemaak het. Genesis teken aan dat Hy vir Abraham gesê het om na Kanaän van Mesopotamië af te immigrer, 'n rukkie voor die era van die groot Hammurabi, wat die beroemde kode van wette saamgestel het. **"Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën,"** het God gesê, **"... en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word."** Hier het God dit vir die eerste keer duidelik gemaak dat die Hebreërs die seën van hul God na die ganse mensdom moes bring. En God se verbond het Abraham die stigter van die Hebreëuse nasie gemaak. Vader Abraham (gesag).

'n Voorbeeld waarin die mens se boosheid ten goede uitgewerk het verskyn in die drama van Abraham se agterkleinkind, Josef. Josef se jaloerse broers het hom vir slawerny verkoop en die handelaars het hom na Egipte geneem. Uiteindelik, nadat hy Farao se drome uitgelê het wat hongersnood beteken het en by hom aangedring het om voedsel op te gaar, het Josef eerste minister geword en 'n toevlugsoord vir sy familie aangebied, toe die hongersnood ook in Kanaän was. Op die manier het God gereël vir die kinders van Israel (Hebreërs) om onder gunstige omstandighede na Egipte te trek. Maar eeue later het die Faro's die Israeliete aan slawerny onderwerp, wat die toneel reggekry het vir die Boek van Exodus.

God se hulp het in die persoon van Moses gekom, die volk se grootste leier. **God het altyd gehoorsame mense gebruik om Sy Wil te toon.** God het in 'n brandende bos aan hom verskyn en gesê dat hy na Egipte terug moes keer uit ballingskap in Midian, en Sy volk terug lei na vryheid in Kanaän, 'n land wat oorloop van melk en heuning. Moses en Aaron het na die Farao gegaan om hom te sien, maar Farao wou nie die kinders van Israel laat gaan nie. Toe het Moses, met God se krag wat deur hom gewerk het, wonderwerke verrig om te wys hoe magtig die God van Israel is; en Moses het plaë, pestilensie en rampe oor Egipte gebring. Maar elke keer is Farao se hart verhard en weier hy om die kinders van Israel te laat gaan.

Eindelik het God vir die Kinders van Israel, deur Moses, gesê om die deurkossyne met die bloed van 'n vleklose lam te merk. Daardie nag, terwyl die Israeliete geroosterde lam geëet het, soos God beveel het, het die (oordeel) engel van die dood Egipte getref. Hy het verby die huise van die Israeliete gegaan, wat met die bloed van die lam gemerk is, maar het die eersgeborenes van die Egiptenare gedood, selfs die eersgeborene van Farao. Dit was selfs meer as wat Farao kon verdra. Hy het Moses in die nag laat roep en hom verlos gegee dat die Israeliete Egipte kon verlaat. Tot vandag vier die Jode die

Paasfees elke lente met 'n "Seder" fees lam.

Die kinders van Israel het vir veertig jaar in die woestyn geswerf omdat hulle ongehoorsaam was. Gedurende hierdie reis ontmoet God vir Moses op die Berg Sinai en vertel in werklikheid vir die Israeliete wat sonde is. Hy het Sy wette in detail uitgespel deur by die Tien Gebooe te begin, wat die fondasie van **moderne sedelikheid** is. Die wette gaan voort deur die boek LEVITIKUS eintlik 'n handboek vir priesters.

Die baie offers en seremonies waarvoor in Levitikus vertel word, is vir ons vandag vreemd. Maar in die ou tyd was die offers belangrik, want hulle het mense gehelp om te besef hoe ernstig dit is om aan God se reëls, van hoe om te lewe, ongehoorsaam te wees. Moses het die mense dikwels herinner dat hul God heilig was, wat beteken "absoluut goed" en dat hulle ook heilig moes wees. Die sondes van die mense is op die lam sonder gebrek geplaas as 'n offer, wat God se vergifnis verkry het. Nogtans, soos NUMRIE ONS vertel het die rondtrekkende Israeliete aangehou om met tye in sonde te val en selfs rebelleer teen God se verkose leier, Moses.

Aan die einde van sy lewe het Moses die volk toegesprek deur die geskiedenis en wette van die uittoeg uit Egipte op te som. Hy het liefde teenoor God en teenoor die naaste beklemtoon. Die toespraak, as die boek van DEUTERNOMIUM, VOLTOOI DIE EERSTE VYF BOEKE VAN DIE Ou Testament, genoem die Pentateug of deur die Jode, die Torah (Wet).

Maar Moses is bestem om te sterf voordat die Israeliete die land Kanaän binnegegaan het. Voor hy gesterf het, het God hom 'n vlugtige blik op die Beloofde Land gegee van die bergtop af. Die eer en verantwoordelikheid om die Israeliete Kanaän binne te lei het op Josua, die seun van Nun geval, gekies deur God soos dit ook met Moses was. Die boek van JOSUA vertel hoe God die land Kanaän aan die weermagte van Israel oorgegee het.

Maar die Israeliete het probleme gehad om vrede in hul nuwe land te verkry. Rigters vertel hoe die nuwe setlaars gedurende die volgende twee eeue in 'n los konfederasie van stamme oorleef het. Hulle was dikwels in die versoeking om die ware God te verlaat ten gunste van die heidense vrugbaarheidsafgode van die Kananiete. Wanneer hulle ook al hierdie sonde gepleeg het, het God toegelaat dat vyandige weermagte die Israeliete verslaan het totdat hulle berou gehad het oor hulle ongehoorsaamheid.

Na al hierdie bloed en woede van hierdie oorlog stories, kom die liefdesstorie van WAARHEID as 'n aangename tussenspel. Weereens wys God dat Sy doelstellings verder strek as Sy verkose nasie. Rut is 'n meisie van Moab. Die Moabiete was verlangse familie van die Israeliete, soos vandag se Arabiere. Sy het weggedraai van Moab se valse godsdiens om die God van die Israeliete te aanbid. Uiteindelik het sy met die ryk Boas getrou. So het sy die oumagrootjie van die groot Koning Dawid geword.

Hebreeuse stamboom geskiedenis is belangrik. Hulle kyk terug na die familie van die patriarg, Abraham, en vorentoe na die Messias, wat die profete verklaar, uit die familie van Dawid sal kom. Rut, die Moabitiese, as die vrou van Boas, die Israeliet, is 'n voorsaak van Dawid en daarom van die Messias. Dus word die koms van die Messias gesien as dat dit betekenis vir ander nasies het.

Uiteindelik is die twaalf stamme van Israel saamgetrek in 'n regering onder 'n monarg, soos opgeteken in 1 en 11 SAMEUL. In hierdie twee boeke en die wat daarop volg is van die opwindendste leesstof in die Bybel. Die stormagtige persoonlikheid van die eerste koning, Saul, bring 'n mededingende botsing met die herderssoldaat Dawid. Dawid, gebore 1040 v.C., wat uiteindelik vir Saul as koning opgevolg het. Op 'n stadium het Dawid selfs 'n private mag gevorm, wat 'n klomp ongelukkige, rebelse manne in 'n sterk,

bedrewe bende krygsmanne verander het. Op 'n ander keer het Dawid groot bekwaamheid getoon deur uit Saul se pad te bly, wat hom met 3 000 van die beste krygsmanne in die koninkryk agtervolg het.

Die Bybel boekstaaf eerlik nie net Koning Dawid se grootheid nie, maar ook sy sondigheid. Hy het owerspel gepleeg met 'n getroude vrou, Batseba. Hy stuur haar man, Uriah, die Hittiet, na die gevaarlikste deel van die oorlogslinie sodat hy gedood sou word. Nathan, die profeet, het Dawid gekonfronteer met hierdie misdaad deur aan hom 'n gelykenis te vertel oor 'n gewetenlose ryk man. Dawid het woedend gesê dat daardie man verdien om te sterf. Nathan het gebulder: "Jy is daardie man!"

Die hoofboodskap van Dawid se regering kom ook van Nathan. Dawid wou 'n huis (tempel) vir God bou. Maar God het deur Nathan gesê dat Hy vir Dawid 'n "huis" sal gee waarmee Hy bedoel het 'n familie of dinastie: "En jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid voor jou; jou troon sal vasstaan tot in ewigheid.

Die daaropvolgende Rampe van die koninkryk het die belofte soos 'n bespotting laat lyk. Maar die troon waarvan God gepraat het was die geestelike troon wat Hy voorberei het vir die Messias.

'n Goue tydperk vir Israel, ten minste polities, kom in 1 KONINGS met die regering van Dawid se seun, Salomo. Hy was Israel se wyste, rykste en miskien dwaaste koning. Om diplomatieuse redes het Salomo met vroue uit ander nasies getrou. Sy uitheemse vroue het die aanbidding van die een God korrup deur afgodsdienste na die hofhouding te bring. Deur die sondigheid en die hoë belastings wat nodig was om die oorvloedige hofhouding aan die gang te hou, het tien van die twaalf stamme in opstand gekom na Salomo se dood en die Noordelike Koninkryk (Israel) gevorm, ongeveer 930 v.C. Die ander twee stamme het die Suidelike Koninkryk geword (Juda).

Die tien stamme het miskien hoë belastings vrygespring, maar hulle het verseker nie sonde vrygespring nie. Regdeur sy tragiese geskiedenis, wat twee eeue geduur het, het die Noordelike Koninkryk probeer om die aanbidding van die ware God met verskeie afgod gelowe te vermeng. Maar God eis volkome lojaliteit.

Die klimaks van die konflik tussen God en die gode het op Berg Karmel gebeur. Daar het die profeet Elia die priesters van die vrugbaarheidsgod, Baal, waarvan die aanbidding prostitusie en selfs die offer van kinders ingesluit het, gespot. "As die Here God is, volg Hom; maar as dit Baal is, volg hom," het Elia hulle uitgedaag. Baal se priesters het misluk om vuur af te bid om 'n stapel hout aan die brand te steek, om 'n os te braai. Toe op Elia se woord, het die Here God van Abraham vuur gestuur en die hout uitgebrand. God se oorwinning oor Baal het die ware aanbidding vir eers gered.

Die uitwerking van Elia se demonstrasie is egter van korte duur. Die Noordelike Koninkryk verval weereens in sondigheid, valse aanbidding met 'n gruwelike gebrek aan sosiale geregtigheid. Die morele leegheid is aangeval deur die eerste twee profete Amos en Hosea se woorde wat in boekvorm saamgevat is. Hulle skerp sosiale aanmerkings is so tydig soos more oggend se koerant, radio of TV. Hosea se profesieë is veral treffend, omdat sy eie vrou ontrou was. In haar ergste skande het hy haar terug gevat. Hosea gebruik hierdie persoonlike tragedie as 'n allegorie om God se vergifnis vir Sy eiesinnige volk te toon.

Die val van die Noordelike Koninkryk, beskryf in Konings 11, het ongeveer 722 v.C. plaasgevind. KONINGS 11 skets ook die geskiedenis van die Suidelike Koninkryk totdat die Israëliete oorwin is en in ballingskap weggevoer is na Babilon in die sesde eeu v.C. KRONIEKE 1 en 11 gee 'n ander verslag van Dawid se regering en gaan dan aan met die geskiedenis van die Suidelike Koninkryk tot sy val. Hulle ignoreer die Noordelike

Koninkryk.

In tye van nederlaag en ongeluk was die profete daar. Die oorheersende persoonlikheid van die laaste dae van die Suidelike Koninkryk is die profeet Jeremia, wie se dramatiese biografie en poëtiese profesieë opgeteken is in die boek wat sy naam dra. Jeremia was 'n leier in die godsdienstige hervormings beweging onder Koning Josia. Maar soos die koninkryk later verval het, het hy presies voorspel dat dit deur Babilon vernietig sou word. Dit het probleme gebring. Gesien as 'n opruier is hy in 'n kerker gegooi. Die koning het selfs een van sy geskrifte verbrand. Na sy tronkstraf het hy na Egipte gevlug.

In die nasie se diepste wanhoop, die KLAAGLIEDERE, 'n treursang vir die Heilige Stad Jerusalem, is miskien deur Jeremia self geskryf. Jeremia se latere profesieë het egter 'n boodskap van hoop gedra: 'n getroue oorblyfsel van die familie van Dawid sal weer na die Heilige Land terugkeer. Uit hierdie oorblyfsel sal God 'n koning verwek, die "Regverdige Spruit," wie genoem sal word "Die Here ons geregtigheid." Weer, aankondigings van 'n Messias wat die mensdom sou red.

Hoop saam met verwyte, kom ook van 'n ander bron gedurende die ballingskap in Babilon: die profeet Esegïel, bekend vir sy eiesoortige visioene. Soos Jeremia het hy gepreek dat Jerusalem geval het deur die boosheid van sy mense. Maar hy het die hoop gebied dat Jerusalem herwin sou word as die mense net die wette van God sou gehoorsaam. Toe die Perse die Babiloniërs verslaan het is die Israeliete toegelaat om na hul vaderland terug te keer, beginnende in ongeveer 538 v.C. Hulle kon weer in die Tempel aanbid, soos Esegïel geprofeteer het. Hierdie tydperk word beskryf in ESRA en NEHEMIAH. Die storie van Ester en die apokaliptiese visioene van Daniël vind ook in die Persiese era plaas. Jerusalem word meer as 800 keer in die Bybel genoem, en glad nie in die Koran nie.

As die Israeliete dikwels van God afvallig geraak het, het hulle ook baie tydperke gehad waar hulle naby God was soos weerspieël in PSALMS, 'n versameling van lofprysing en gebed aan God. PSALMS is een van die wêreld se mooiste versamelings gedigte. Hulle is in baie omstandighede deur baie individue geskryf; omtrent die helfte daarvan is aan Koning Dawid toegeskryf.

Baie Westerse gedigte verkry ritme deur die reëlmatige opeenvolging van lang en kort lettergrepe en deur eindrym. In Hebreeuse gedigte hang ritme af van 'n ooreenkomstige van idees, soos in die volgende tipiese voorbeeld:

Die HERE is my lig en my heil: vir wie sou ek vrees?

Die HERE is die toevlug van my lewe: vir wie sou ek vervaard wees? In ander soos Psalm 150, beklemtoon die ritmiese frase "Loof Hom" die gedig, feitlik soos die slag van 'n drom. Soos meeste van die Ou Testament boeke, bevat PSALMS ook belangrike voorafskadu's van die **Messias en word sewentien keer in die Nuwe Testament gekwoteer as verwysend na Jesus Christus.**

SPREUKE is anders as die ander boeke van die Ou Testament. Dit is 'n versameling van wyse gesegdes, baie van hulle beroemd. Baie van hulle kom van Koning Salomo af. Hier is twee van die bekendstes:

'n Naam is verkiesliker as groot rykdom, guns beter as silwer en as goud (SPREUKE 22:1).

'n Sagte antwoord keer die grimmigheid af, maar 'n krenkende woord laat die toorn opkom (SPREUKE 15:1).

JOB, die grootste filosofiese drama behoue uit die ou tyd, handel met 'n groot vraag: die geheim van die mens se lyding onder 'n liefdevolle God. Die dramatiese vorm is ook

gebruik in HOGLIED, 'n pragtige boek wat huweliksliefde verheerlik en seksuele liefde beskryf as 'n gawe van God wanneer dit Sy wette volg. Ander sien die boek dat dit allegories God se liefde vir die Kerk toon. Filosofie kom weer in PREDIKER voor. Die boek is geskryf deur 'n man wat blykbaar alles probeer het wat die wêreld gebied het en tog steeds eensaam en onbevredig was. Sy advies: **"Vrees God en hou Sy gebooi; want dit geld vir alle mense. Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg** met die wederkoms van Jesus Christus.

In die laaste twaalf boeke van die Ou Testament neem die profete die sentrale punt in. Hierdie is die "kleiner" profete, so genoem omdat hulle boeke korter is as die van die "groter" profete. Hulle werk verskyn oor 'n tydperk van drie eeue of meer. Hier kry ons JONA, die onwilligste sendeling in die geskiedenis. Hy was 'n onwillige Evangelis, maar deur sy ongemak in die maag van die groot vis het hy besluit om God te gehoorsaam en 120 000 mense is verlos. God het hom gedwing om verlossing vir die Nineviete te preek, wie hy gehaat het, wat aan hom gewys het dat God se genade verder as die nasie van Israel strek. Miga profiteer dat die komende Messias in Bethlehem gebore sal word. Amos, 'n ander profeet, vermaan die mense tot geregtigheid en regte dade onder God. Die ander klein Profete is HOSEA, JOËL, OBADJAH, HAGGAI, SAGARIA en MALEAGIE.

Die boek wat die Ou Testament die beste met die Nuwe Testament verbind is die boek Jesaja. Jesaja was 'n agtste eeu v.C. profeet wie se merkwaardige visie baie besonderhede in oor die Messias insluit, deur Wie Israel 'n lig vir alle nasies sou word. Hy het die geboorte voorspel van een wat Immanuel genoem sou word, wat beteken "God met ons."

Verskeie gedeeltes voorsien glansryke beskrywings van die Messias se koninkryk, vol van blydskap, regverdigheid en vrede. Een van die bekendste is: **"Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer. . ."**

Saam met hierdie pragtige visioene, tref Jesaja egter met 'n ernstiger noot deur die koms te beskryf van 'n "man van smarte" wat deur die mense verwerp sou word: **"Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde (Romeinse sweep-verskeur) het daar vir ons genesing gekom. Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregthede van ons almal op Hom laat neerkom."** Die skynbare weerspreking van 'n universele Koning en 'n lydende Dienskneg, is opgelos binne die unieke lewe van Jesus Christus, soos opgeteken in die vier EVANGELIES: MATTHEUS, MARKUS, LUKAS en JOHANNES. Jesus se volgelingen het slegs geleidelik gedurende Sy lewe tot die besef gekom dat Sy koninkryk geestelik is en dat Hy nie 'n oorlogvoerende Messias sou wees wat 'n vry Joodse Staat sou vestig en die Romeinse juk sou afwerp nie. Sy volle gesag oor die aarde sou slegs kom aan die einde van die wêreld soos voorgestel in die visioene van OPENBARING, wat die Nuwe Testament afsluit.

Voordat Jesus uit die graf opgestaan het en aan Sy dissipels in Sy verheerlikte liggaam verskyn het, was Sy dood aan die kruis 'n klaarblyklike verpletterende neerlaag. Maar God het die mensdom se boosheid gebruik om die grootste voorbeeld van Sy losgekoopte liefde vir die sondige mens te weeg te bring. Die dood van Jesus was die klimaks van 'n lang geskiedenis van bloed offers op die Joodse altare. Anders as die herhaalde offer van die offerlam waarop die sondes van die mense geplaas is, was die dood van die Seun van God eens en vir altyd effektief. Soos Jesaja geskryf het, een

man se straf het vir die sondes van die ganse mensdom versoening gebring.

Met hierdie geloof en hierdie dinamiese boodskap, het die Christen beweging gou regdeur die Romeinse Ryk versprei, soos vertel in Handeling, die eerste boek van die kerkgeskiedenis. Die hoof strateeg om die Christendom buite die grense van die Joodse nasie te dra was Paulus. Hy was eers 'n Fariseër en vervolger van die Christene wat tot die Christendom bekeer is, nadat hy 'n visioen van Jesus gesien het terwyl hy na Damaskus gereis het. Paulus het lande wat aan die Middellandse See grens besoek waar hy die evangelie aan die toe bekende wêreld geleer het.

Deur die briewe (sendbriewe) van Paulus, Petrus, Jakobus, Johannes en Judas te lees, is dit asof hierdie kerkvaders met jou spreek oor Jesus en Sy betekenis vir ons. Van die 21 briewe insluitend die Nuwe Testament, is 13 van Paulus. Baie was briewe met bevel aan die nuwe sendingkerke: ROMEINE; 1 en 2 KORINTHIEËRS; GALASIËRS; EFESIËRS; FILLIPENSE; KOLOSENSE en 1 en 2 THESSALONISENSE. Die ander was aan individue. 1 en 2 THIMOTIUS en FILEMON. Die Nuwe Testament sluit ook die brief aan die HEBREËRS in en briewe aan JAKOBUS; 1 en 2 PETRUS; 1, 2 en 3 JOHANNES en JUDAS.

In die brief aan die ROMEINE, geskryf ongeveer 25 jaar na Jesus se aardse lewe geëindig het, verduidelik Paulus die betekenis van Jesus se dood aan die kruis. Hy sê dat God regverdig is en alle mense is sondig, sodat almal, Jode sowel as Heidene, veroordeel is deur Goddelike geregtigheid ten spyte van hul beste menslike pogings. God het hierdie probleem opgelos deur 'n geskenk, die offerdood van Sy Seun, Jesus Christus, wat betaal het vir die sondes van **almal wat in Hom glo en Sy geboorte onderhou**. So kan die mens ten volle herenig word met God en dit herwin wat deur Adam se sonde verlore gegaan het. Die groot sewentiende eeu se digter, John Milton, open sy epos "Paradise Lost" met die skakel tussen GENESIS en Jesus, vertel van die mens se eerste ongehoorsaamheid, en die vrugte van daardie verbode boom, wie se sterflike smaak vir Alle Tye dood in die wêreld Gebring het en al ons ellende.

Met die verlies van Eden, totdat een groter Man ons herstel het en die salige Sitplek herwin het.

So sien ons die Nuwe Testament as die vervulling van die Ou Testament. In die Ou Testament is dit verberg wat in die Nuwe Testament geopenbaar is. Ons sien die lewe en dood en opstanding van Jesus en Sy wederkoms as die laaste gebeure in die wonderlike verhaal van verlossing van sonde en finale redding na Sy oordeel. Soos die begin aan die HEBREËRS dit stel:

"Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruk van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte." Agter is 'n lys verwysings wat jou sal help om die Bybel gedeeltes wat jy die graagste wil lees te vind. Jy sal meer oor die vier evangelies en die lewe van Jesus in die eerste hoofstuk vind.

Elke knie sal buig en elke tong bely.... Alle mag in die Hemel en Aarde.... Hy sit op die Regterstoel en sal die lewende en die dode oordeel. Alle godsdienste en Christen sektes sal saamstem dat Jesus geleef het en groot wonderwerke gedoen het en as 'n groot profeet gesterf het. **Maar almal ontken dat Hy liggaamlik uit die graf opgestaan het en 'n leë graf agtergelaat het.**

Die mens het altyd 'n probleem aangaande die "tyd faktor" en God gehad. Jesus was 2000 jaar gelede uitgevra oor Sy wederkoms, omdat die apostels gedink het dat dit baie naby die eindtyd was. Die Bybel herhaal dat 'n 1000 jaar soos 'n dag vir God is. Dit is waarskynlik simbolies want God word nie deur tyd beheer nie, Hy is die Skepper van tyd. Dit sou die ouderdom van fossiele wat gevind is verduidelik en sal nie in konflik met die Bybel wees nie. Die Here sê dat Sy weë nie ons weë is nie.

In die Joodse kultuur is die vader die hoogste gesag in die huis. Hy was here oor sy vrou en kinders. Here is die Goddelike geestelike gesag. In die laaste dae sal daar 'n vorm van vroomheid wees maar die krag sal ontken word, geregverdig deur leerstellings van mense wat sê dat die krag net vir "daardie dae" was en nie vir vandag nie. Die antwoord is dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag en tot in ewigheid en Sy Woord verander nooit. Wat ons in die boek Handeling sien gebeur het, (60 jaar n.C.) behoort vandag nog te gebeur. Jesus het gesê dat die werke wat Hy gedoen het deur Sy dissipels in Sy Kerk gedoen sou word, en groter werke. Ek kan my net een groter werk as wat Hy kon doen voorstel en dit is om iemand te lei om die Nuwe Geboorte en Ewige verlossing te ondervind. Vir ewige verlossing om plaas te vind, moet ons glo dat Jesus gesterf het, begrawe is en opgestaan (liggaamlik) het, en om dit wat ons glo met ons mond te sê. Sy Woord is vir ewig vasgestel, maar Jesus vra die vraag: **"As die Seun van die Mens terugkom, sal Hy geloof op die Aarde vind?"**

Groot Bybel Hoofstukke

Skepping

Die groot epos van die begin

Genesis 1-3

Tien Gebooie

Net so belangrik vandag as ooit

Exodus 20

Moses se Afskeid

Groot onderwerpe van Joodse lewe

Deuteronomium 6

Uitdaging vir Josua

Aangrypende woorde van aanmoediging en krag

Josua 1

Dawid se Groot Gebed

'n Gebed van lofpysing en toewyding

1 Kronieke 29:10-19

Die Herder Psalm

Die waardevolste van al die Psalms

Psalm 23

Psalm van die Natuur

Loof God se Skepping

Psalm 19

'n Psalm van Lof

Antwoord van die skape aan die Herder

Psalm 100

Psalm van Verlossing

'n Psalm van dankbare herinneringe

Psalm 107

Boek vir Alle Tye
Psalm van God se Woord
Vir diegene wat Gods se wet liefhet Psalm 119

Spreuke van Wysheid
Goeie advies vir jong mans en vroue
Spreuke 3
Die Lydende Dienskneg
Jesaja se profesie van die Messias Jesaja 53

Esegiël se Vreemde Visioen
Wind, vuur, gevleuelde wesens Esegiël 1

Die Grootste Ding in die Wêreld
Paulus se hoofstuk oor Liefde
1 Korintiërs 13

Die Geheim van geluk
Die bron van ware Tevredenheid en Moed Filippense 4

Groot Geloofshelde
Die Bybel se "Hall of Fame" Hebreërs 11
Die Stad van God
'n Nuwe wêreld is in aankoms Openbaring 21, 22

GEPUBLUSEER DEUR DR. J VAN ZYL.
November 2009

Lees ons boeke: Die Nagmaal en Genesing; Die Christen en Job; Die Krag van Vergifnis; Die Wysheid van die Mens is Dwaasheid by God en 'n Vrou na God se Hart, Paulus se Doring in die vlees.

Al ons boeke is vrylik beskikbaar op die internet webtuiste:
www.stangerchristiancentre.co.za en op 'n CD vanaf die sentrum vir R20.00.

DIE INLEIDING TOT GELOOF

Sonder Geloof is dit onmoontlik om God te behaag

Heb 11:6: En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

Geloof is 'n Vaste Vertroue

Heb 11:1: Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van

die dinge wat ons nie sien nie.

Hoe verkry ons Geloof?

Rom 10:17: Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God.